



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 DESEMBER 2024 OM 12:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Gaika, M F (EFF)	Van Essen, T (DA)
Jooste, R J (DA)	Vermeulen, G (VF+)
Le Minnie, I S (DA)	Warnick, A K (DA)
Nel, M (DA)	White, G E (PA)
Ngozi, M (ANC)	Williams, A M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Direkteur: Beskermingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Pieters, B J Penxa en P E Soldaka.

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1 REGULERING VAN HUISWINKELS (SPAZA SHOPS) (1/1)

Die aantal sterftes onder kinders as gevolg van voedselverwante siektes wat veroorsaak is deur swak voedselveiligheidspraktyke en higiëne deur eienaars van *Spaza Shops* het dringende optrede benodig. Die President het gevolglik op 15 November 2024 versoek dat alle *Spaza Shops* binne 21 dae geregistreer moet word en is 'n Nasionale Ramp op 19 November 2024 afgekondig.

3.1/...

Die Ministerie van Kleinsakeontwikkeling het 'n sentrale skakelpunt gestig om die registrasie van *Spaza Shops* te koördineer. Op plaaslike vlak is 'n JOC (*Joint Operation Centre*) gestig met verteenwoordigers vanaf die Munisipaliteit, Weskus Distrikmunisipaliteit (wat verantwoordelik is vir munisipale gesondheidsdienste) en die SAPD om inspeksies by alle *Spaza Shops* in die munisipale area uit te voer. Die uitslag van die inspeksies is aan die Weskaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme gekommunikeer.

Die Departement van Samewerkende Regering het 'n Standaard Verordening vir *Township Economies* ontwikkel en munisipaliteite versoek om voor die einde van November 2024 die verordening aan te neem as 'n meganisme om *Spaza Shops* te reguleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad, gebaseer op die inhoud van die verslag, nie goedkeuring verleen vir die in beginsel aanvaarding van die *Standard By-law for Township Economies* nie;
- (b) Dat die Administrasie opdrag gegee word om –
 - (i) in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, ondersoek in te stel na wysigings van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 met die doel om die groei van klein besighede binne 'n wetlike en goedgestruktureerde regulatoriese omgewing te ondersteun, om toegepas te word in die geheel van die munisipale jurisdiksiegebied;
 - (ii) ander toepaslike munisipale verordeninge te ondersoek vir moontlike wysiging om informele handel binne die munisipale gebied effektief te reguleer, en omvattend te handel met die regulering van voedselveiligheidspraktyke.

3.2 BEPALING VAN DIE AANTAL RAADSLEDE PER MUNISIPALITEIT IN DIE WESKAAP (3/B)

Die Nasionale Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake stel die formule vas om die aantal raadslede vir 'n kategorie A, B en C munisipaliteit te bereken. Die formule is afgekondig op 2 Oktober 2024.

Die Minister van Plaaslike Regering in elke provinsie bepaal, ingevolge die formule, die aantal raadslede vir elke munisipaliteit.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word –

- (a) van die inhoud van Omsendbrief C22 van 2024 ontvang vanaf die Departement van Plaaslike Regering gedateer 7 November 2024;
- (b) dat die aantal raadslede vir Swartland Munisipaliteit onveranderd bly vir die volgende algemene munisipale verkiesing.

**GETEKEN:
SPEAKER**